

**15 OKTOBER**

**SKRIFGEDEELTE: OPENBARING 5:1-14  
FOKUSGEDEELTE: OPENBARING 5:5, 6**

**Die Leeu is 'n Lam**

Die Troongesig van Openbaring 4 ontvou hier verder. Die boekrol moet oopgemaak om gelees te word, want sy inhoud omvat “toekoms en verlede”. Dan hoor Johannes 'n stem vanaf die troon en sien dat die Leeu 'n Lam is.

Waarom die skerp teenstelling: “Die Leeu is 'n Lam”? Dit het drie implikasies. Eerstens, God se krag word verbloem as swakheid. Kyk na die Lam van God wat sterf aan die kruis! Kan daar 'n duideliker aanduiding van “swakheid” aan God se kant wees? Een ding weet ons, die Lam word 'n Leeu. (Vergelyk ook die kontras van krag en swakheid in: Jes. 53:7; Matt. 5:39; 7:13; 11:29; 23:11-12; 1 Pet. 2:21-23; 1 Kor. 1:25, 27-29.) Tweedens is daar 'n boekrol. God het 'n plan. Hierdie plan word bekend gemaak. God het die wêreld geskep om Hom te eer. Jou lewe sal uitmond in die lof en verheerliking van God (Ef. 1:9-12). Die derde wat bekend gemaak word, is dat God in beheer is. Soms lyk dit of die Bose die oorhand kry. Ons het die “boekrol” en ons weet Wie gaan oorwin. In Getsemane was Jesus volkome in beheer, al het Hy toegelaat dat dit lyk of ander in beheer is. So is Hy in beheer van die geskiedenis en jou en my lewe.

Wat sê dit vir ons? Die stryd is die moeite werd. Jou stryd voel vir jou oneindig lank en swaar. Dit lyk of jy besig is om te verloor, maar jy kan steun op God. Al lyk dit vir ander asof jy swak is, jou swakheid is ook jôu krag. Jy kan saam met Paulus uitsing, “...want as ek swak is, is ek sterk” (2 Kor. 12:10).

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 4, 5*

*Dr Etienne Schalekamp (Roodepoort)*